

15 Augustus

**Skrifgedeelte: Josua 20:1-21:45 (OAV)
Fokusgedeelte: Josua 21:43-45;
Eksodus 3:13-17**

Dit wat die Here belowe, voer Hy uit

Waarom moes die Israëliete die land Kanaän verower het, dit onder hulle verdeel het en dit in besit geneem het? Omdat die Here die land Kanaän met 'n eed aan hulle voorvaders belowe het (Gen 12:1; 13:14-17; 15:7,18-21).

Wie het gegee? Die HERE (Hebreeus: "Jahwe") het gegee. Letterlik beteken Jahwe: "EK IS WAT EK IS" (Eks 3:14). Dit is 'n beskrywing van die getroue God wat nie verander nie en doen wat Hy sê Hy gaan doen. Hy gaan nie op sy Woord terug nie en Hy hou sy verbond. Alles behoort aan Hom. Daarom kan Hy gee aan wie Hy wil.

Aan wie gee Hy? Hy gee aan Israel wat Hy uit genade uitverkies het en dus niks verdien het nie. Israel is die volk wat uit Jakob ontstaan het. Sy pa is Isak en sy oupa Abraham. Abraham het vroeër afgode gedien, maar die Here bring hom uit genade tot bekering en maak 'n belofte aan hom om die land Kanaän aan sy nageslag te gee.

Vóór Jakob en sy tweelingbroer Esau se geboorte, het die Here alreeds gesê dat Hy Jakob uitverkies het. Die naam Jakob beteken "bedrieër". Hoe dikwels het hy ander nie bedrieg nie! By die Jabbokrivier worstel hy met die Here en bely dat hy nie meer op sy eie ou slim bedrogplannetjies kan staatmaak nie en dat hy nie meer sonder die Here verder wil gaan nie. Die Here moet saam met hom loop. Ná hierdie bekering verander die Here sy naam genadiglik na Israel wat "stryder" of "man van God" beteken.

Omdat Josua die skadubeeld van Jesus is, kan ons die lyn na God se beloftes oor die hemelse woning deurtrek. God gee aan sy kinders wat Hy uit genade verkies en in Christus gered het 'n hemelse woning, slegs omdat Hy dit só belowe het.

Sing: Psalm 24:1

Ds AH Stavast (Mosselbaai)